1.2 Volgens paragraaf 110 van die NNSSB, dui die Nasionale Teikentabel, soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 47756 van 15 Desember 2022, die geteikende bedrag per leerder vir 2024 aan. Die geenskoolgelddrumpel sal R1 702 wees.

**Nasionale teikentabel vir die skooltoewysing vir graad 1 tot 12 (2024–2026)**

| Nasionale kwintiel- en skoolgeldstatus | Toewysing per leerder | | |
|---|---|---|---|
| | 2024 | 2025 | 2026* |
| NK1–NK5 **Geen skoolgelde** | R1 702 | R1 748 | R1 828 |
| NK4 **Skoolgelde betaalbaar** | R838 | R876 | R916 |
| NK5 **Skoolgelde betaalbaar** | R289 | R302 | R316 |
| Geenskoolgelddrumpel | R1 702 | R1 748 | R1 828 |

* 2026 aangepas met geprojekteerde inflasiekoers

1.3 Die voorlopige toewysings is op grond van die 2023 10de dag Kitsopname-inskrywings bereken.

1.4 Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) sal die leerderinskrywings van alle skole met die 2024 10de dag Kitsopname nagaan.

1.5 **Finale toewysingsbriewe** sal teen 31 Maart 2024 op SOBIS gepubliseer word.

1.6 Skoolgeldskole sal, waar van toepassing, aanvullende befondsing ontvang waar die som van hul skoolgelde vir 2023 en hul N&S-befondsing vir 2024/25 onder die norm van die toewysingsvlak vir geenskoolgeldskole is.

## 2. Betalingskedule

### 2.1 Skoolgeldskole

Skole sal hul N&S-toewysing vir die 2024/25-boekjaar in twee betalings ontvang, naamlik 60% in April–Mei 2024 en 40% in Oktober–November 2024. Artikel 21-skole moet hul eerste oordragbetaling (60%) gebruik om hul 2024 leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM), Inligtingstegnologie- (IT-) verwante LOOM/hulpbronne vir die verbetering van digitale en gemengde leer, via hul eie verskaffers of die aanlynbestelstelsel aan te koop sodat dit voor die einde van September 2024 beskikbaar sal wees, en om vir ander uitgawes te betaal, soos in paragraaf 3.1 hieronder uiteengesit. Die tweede oordragbetaling (40%) moet gebruik word om toepaslike skoolverwante uitgawes tot en met 31 Maart 2025 te dek. Waar die WKOD enige LOOM namens skole aanskaf, sal sodanige koste van die tweede oordragbetaling afgetrek word.

